

# Waak Dan

Uittreksel van Pastoor Nesor se preek: Eng/Afr. B111b

Skriflesing uit Matt.25:1-13

Kernvers: 'Waak dan, omdat julle die dag en die uur nie weet waarop die Seun van die mens kom nie'.

Vir die meeste mense is hierdie 'n baie bekende gelykenis alhoewel dit nie baie wyd verstaan word nie.

Ek besef die erns daarvan om God se Woord aan u te bring – daarom bid ek dat die Here die volle openbaring van hierdie boodskap aan u sal openbaar.

Daar is mense wat meen dat hulle gereed is vir die koms van die Koning maar wat nie in die Koninkryk sal ingaan nie, want Jesus sal vir hulle sê: 'Voorwaar ek sê vir julle, ek ken julle nie'.

Alhoewel God 'n genadige God is, maak die mens misbruik daarvan. Netso genadig soos die Here is, so onverbiddelik sal Hy wees wanneer Hy eers die deur toegemaak het.

Wanneer God dit toegemaak het sal dit toe wees en dit laat my sidder en bid: 'Here! Gee dat ek gereed sal wees wanneer U kom en so bid ek dit vir elkeen van u'.

Dis reggenoeg dat God genadig is en in 'n oomblik kan red, maar dis heeltemal 'n ander saak as ek misbruik maak van daardie groot genade!

Wat 'n verskriklike groot ontnugtering sal dit nie wees wanneer die roepstem kom en die mense wat selfs gedink het dat hulle gereed was, bevind dat hul olie opgeraak het...

Wanneer die basuin sal blaas en die groep van die aartsengel deur die ruim sal weerklink: 'Die Bruidegom kom , gaan uit om Hom te ontmoet '.

Maar jy vind dat jy nie gereed is nie – jy het dalk jou lewe lank in die kerk gesit, op baie rade gedien, maar jou lamp het doodgegaan want die olie het opgeraak...